


50 Jaar (1972 – 2022)

"Genade onbeskryflik groot"

FOKUS

28 AUGUSTUS 2022



NAGMAALDIENS IN DIE KERKGEBOU

PREDIKER : Dr. Enrico Casaleggio

SKRIFLESING en TEKS: 2 SAMUEL 9: 1-13

TEMA: WELKOM AAN DIE KONING SE TAFEL

1. GOD SOEK MY OP

2 Samuel 9:1,3,4; Esegïel 34:11,16; Lukas 19:10

2. GOD WYS ONS SY GOEDGESINDHEID (genade)

2 Samuel 9:3,7; 2 Samuel 4:4

3. GOD GEE AAN ONS 'N EREPLEK

2 Samuel 9: 7,10,11 en 13; Openbaring 3:20,21

BELYDENISKLAS: Die belydenisklas kom na die erediens in die Toerustingslokaal/ Konsistorie bymekaar. Hulle kyk vandag na die tweede gebod. Mag ons, volgens hierdie gebod, geen beelde maak nie? En wat van prentjies van Jesus in die Kinderbybel of skilderye van Hom in die algemeen? Hoe raak hierdie gebod ons inkleding van die erediens?

BYBELSKOOL: Ons gaan om 18:00 verder met die Bybelskool. Ons maak klaar met ons reeks oor vreemde godsdienste. Ons kyk na die dwaling van die Jehova Getuies. Volgende week begin ons met 'n nuwe reeks. Ons gaan onder leiding van Prof Johan na die Apostoliese Geloofsbelydenis kyk.

VROUEBYBELSTUDIE: Die boek Nehemia word in diepte bestudeer. Kom ervaar die volgende twee Donderdae om 10:00 opnuut hoe die Here jou roep en stuur vir 'n taak. **By die aftree-oord** sal daar om 9:00 Bybelstudie wees. Dieselfde reeks word by die aftree-oord gevolg.

APOLO-TIENER 2: Die tieners kuier Woensdagaande om 19:45 saam by dr. Enrico. Ons praat oor aktuele sake wat 'n belangrike rol speel in ons geloofslawe. Daar is so baie aanslae op tieners se geloofslawe. Ons vra ouers om hulle kinders aan te moedig om hierdie geleenthede by te woon. Ons kyk hierdie week weer na die gawes wat die Heilige Gees vir ons gegee het.

Voorbidding

- Ons bid vir Rina van Straten se gesondheid op die voorgesette pad van mediese behandeling wat sy ontvang. Ons bid dat sy heeltemal sal genees.
- Len van Vuuren was die afgelope week in die hospitaal vir behandeling. Ons bid hom spoedige genesing toe.
- **Turkmensistan:** In Turkmenistan vind vervolging teen Christene op die meeste vlakke van die samelewing plaas. Die regering beperk godsdiensvryheid baie streng en maak dit uiters moeilik om enige godsdienstige materiaal te druk of in te voer. Hoewel ongeregistreerde kerke die ergste geteiken word, word selfs die Russiese Ortodokse Kerk en Armeense Apostoliese Kerk deur die owerhede gemonitor.

Verjaarsdae

28/08/2022: Anco Booyens, Chris Koen, Betrus Oberholster

29/08/2022: Dirk de Villiers, Lurette du Toit, Wihan van der Walt

30/08/2022: Catri Roux

31/08/2022: Lampies Lamprecht, Soois Pretorius, Corene Smit, Carine van Niekerk

01/09/2022: Attie Badenhorst, Jo-Maré Colangelo

02/09/2022: JC Venter

03/09/2022: Nico Grobler, Minette Thompson, Adele Venter

Truie-projek: Baie dankie aan almal wat vanjaar bygedra het tot hierdie projek. Ons het 62 truitjies ontvang en geskenk aan Vrystaat Versorging in Aksie. Al die kinders in hulle kleuterskool het truitjies ontvang. Die ouers is altyd baie dankbaar vir die truitjies en briefies en boodskappies word gestuur om die skool te bedank.

Die eerste jaar toe hierdie projek begin is, is 176 truie ontvang. Ons daag die dames in die gemeente uit om te probeer om op hierdie 62 truie te verbeter in 2023. Indien u wil skenk vir hierdie projek, sal dit ook baie welkom wees.

Feesblad: Almal wat nog belangstel in 'n Feesblad is welkom om die kerkkantoor te kontak voor of op 30 Augustus 2022. Ons gaan nog boeke bestel. 'n Feesblad kos R50. Die skriba sal op die groepe deurgee as die boeke ontvang is. Kontak die kerkkantoor by tel. 05 522 5418 of e-pos na ngfpark@xsinet.co.za Die kerkkantoor is elke weeksdag tussen 8:30 en 12:30 en Sondag vanaf 8:00 tot 10:30 oop.

Die belangrikste gebeurtenis op **30 September** is nie dat die skole sluit nie, maar dat daar dan weer **Q-wietkoskas** is.

Dit neem die vorm van 'n feestelike *bel-en-bestel* aan. Daar is 'n keuse van twee combo's. Hulle kos R 50 elk.

Combo nr 1: Spek-en-kaas macaroni en vir nagereg is daar paradysperske en vla

Combo nr 2: Bunny chow en vir nagereg ook paradysperske en vla.


Bestel asb voor of op 27 September by whatsapp nommer 0661223382 of by die kerkkantoor, nr (051) 5225418.

Ons neem weer vrymoedigheid om vir skenkings te vra. Ons benodig die volgende:

15 x 1 liter vla, 10 x 850 g ingelegde perskes, 20 pakkies perske jellie, 5 kg macaroni, 5 liter melk, 1 kg kaas, 12 dosyn eiers, 3 kg spek, 5 kg uie, 7 kg aartappels, 5 kg wortels, 5 kg tamaties, 6 kg perske yogurt.

Die bestanddele kan ook voor of op 27 September by die kerkkantoor afgelewer word.

As daar van julle is wat leë koffiebottels het en dit wil skenk, kan dit ook by die kerkkantoor afgelewer word. Vol bottels, wat ons kan leegmaak, is ook baie welkom.



Hierdie week om 8:30

Is dit

Dr. Enrico Casaleggio

Wat die

oggenderedienste

Op

Radio Rosestad

Gaan aanbied.

Almal wat kan, is welkom om saam te luister.

Moet nie vergeet dat dit deel vorm van ons Gemeente se uitreik na

Ons lieflingstad – Bloemfontein,

Daarom moet ons vir Dr. Enrico bid vir krag en inspirasie om

Die Waarheid en Genade aan almal, wat luister, te verkondig.